



Gereformeerde
Kerk Benoni

INSAKE: BESLUIT VAN DIE GK BENONI INSAKE DIE HANTERING VAN KERKSAKE RONDOM COVID-19 bedreiging.

Geliefde lidmaat,

Ons neem as gemeente met deernis, maar nie op 'n paniekerige wyse nie, kennis van die situasie wat ontvou vanuit die Covid-19 virus asook implikasies van die regering se riglyne rondom die bekamping van die verspreiding van die virus. Ons het 'n roeping om God te bedien en voortdurend te verheerlik. Ons is daarom ook geroep tot naasteliefde en gevolglik om ons medemens te beskerm asook om gehoorsaam te wees aan die owerheid. Daarom het ons met groot erns en in gebed besin oor hoe GK Benoni sy roeping in die koninkryk kan uitleef te midde van die beperkings wat die Covid-19 virus en die verbod op samekomste groter as 100 op ons plaas.

Ons is besorgd oor die welstand van ons lidmate en ook elke burger van ons land en inderdaad die wêreld en is geroepe om te doen wat ons kan om verspreiding van die virus te beveg. Hoewel ons besorgd is, sien ons ook die geleentheid om op nuwe maniere saam te kan werk en te bedien. Dit is in tye soos hierdie waarin ons herinner word dat ons moet saamstaan, saamwerk en mekaar moet help. Terwyl ons groot verandering daarbuite sien verander niks van wie ons is nie, nl. kerk van Jesus Christus wat ons koninkryksroeping moet uitleef. Daarom het die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk Benoni op die volgende korttermynriglyne vir eredienste en kerklike aktiwiteite besluit:

Eredienste:

Daar word twee eredienste per Sondag gehou. Die een om 09h00 uur die oggend en die ander een om 17h00 uur. Die erediens word in die kerkgebou gehou en word, as nodig, ook uitgesaai in die kerksaal. Die prediking in die twee dienste sal dieselfde wees om te probeer om die aantal lidmate wat die dienste bywoon, te beperk. Die beginsel bly dat niemand wat 'n erediens wil bywoon, weggewys sal word nie.

Gebruik asseblief jou eie diskresie om te bepaal of jy fisies die diens gaan bywoon of eerder aanlyn inskakel gaan inskakel. Dit word ook versoek dat die jonger lidmate wat wil bywoon eerder die 17h00 erediens sal bywoon. Met 'jonger' skryf ons nie 'n ouderdom voor nie maar verwys ons fisiese gesonde en liggaamlike sterk mense.

Albei eredienste sal ook lewendig gebeeldsend word, sodat lidmate wat nie by die erediens is nie, wel die erediens op elektroniese media kan volg. Kyk op die GK Benoni se Facebook of volg die skakel vanaf ons webwerf www.gkbenoni.co.za.

Lidmate wat 'n verswakte immunititeit stelsel het, sowel as diegene wat 'n chroniese siekte onder lede het, wat verkoue simptome toon, wat oorsee gereis het of in aanraking was met iemand wat oorsee gereis het, word aangeraai om die eredienste



Gereformeerde Kerk Benoni

tuis oor die internet te volg. Tydens die erediens in die kerkgebou wil ons jou aanmoedig om ingestel te wees op jou aksies, laat ons mekaar se welstand in ag neem.

- By elke ingang van die kerkgebou sal jy handreiniger vind, gebruik dit met jou inkom en uitgaan uit die gebou.
- Sit so verspreid moontlik van mekaar.
- Moenie aan jou gesig raak nie, vermy ook enige fisiese kontak met enige ander lidmaat.
- Daar sal geen tee en koffie bedien word tot anders vermeld.
- In hierdie tyd sal die Bybelgedeeltes op die projektor verskyn en ons versoek dat julle nie die Bybels in die kerkgebou sal gebruik nie.
- Reeds goedgekeurde dope gaan voort en dieselfde beginsels en riglyne hierbo vermeld geld ook vir die gaste van doopouers.

Paassangdiens:

Daar sal geen erediens op Goeie Vrydag gehou word nie, maar daar sal wel 'n oordenking uitgesaai word. Daar sal dus ook geen nagmaal bedien word nie. Die geskeduleerde Paassangdiens word ook afgestel en die gewone middagdiens gaan voort.

Gemeentebyeenkomste:

Alle gemeentelike byeenkomste word onmiddellik vir die nabye toekoms opgeskort. Kleingroepe kan onderling self besluit of hulle tydens die tydperk bymekaar gaan kom al dan nie. Indien 'n kleingroep sou besluit om bymekaar te kom wil ons julle aanmoedig om soveel moontlike voorsorg te tref om mekaar se welstand te dien.

Kollektes:

Die kollekte tydens die erediens gaan nie meer in die banke opgeneem word nie. Daar sal twee sakkies by die deure beskikbaar wees vir die kollekte van die Diens van Barmhartigheid en die ander kerklike saak (buitedeurkollekte). Lidmate word ook aangemoedig om van "Snapscan" of elektroniese oorplasing gebruik te maak vir bydraes vir die kollektes. Die onderskeie "Snapscan" kodes vir die kollektes sal op die gemeente se webblad aangebring word, sodat mense nog steeds hulle kollektes kan afdra al is hulle nie fisies in die kerk nie. Daar moet ook op gelet word dat die Diakonale kas onder druk is en dat die grootse bron van inkomste die kollektes is.

Vervoer:

Die bussie sal slegs lidmate na die 09h00 erediens vervoer soos benodig. Die bussie sal voor die rit daagliks binne skoongemaak word en daar sal ook 'n bottel



handreiniger beskikbaar wees sodat lidmate, voordat hulle inklim, hulle hande kan skoonmaak. Addisionele ritte sal verder ook tot die absolute minimum beperk word.

Kospakkies:

Daar sal in die tydperk slegs een per keer 'n maand kospakkies aan die ontvangers daarvan uitgereik word, met voldoende voorraad vir 'n hele maand.

Ons vertrou dat die Here ons in hierdie tyd sal dra, versorg en beskerm. Ons streef om Hom in alles te eer en daarom, wanneer ons besluit oor hoe ons hierdie saak benader, hoe ons optree, probeer ons Hom bo alles eer. Mag die Here elkeen van julle op 'n mooi manier gebruik om lig te wees in hierdie donker tyd in julle getroue voortleef in julle koninkryksroeping.

Ons hou vas aan die bemoediging van die Here in Ps. 23: 4

⁴Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my.

Kontak gerus steeds die predikante in alle nood of wanneer jy meer te wete wil kom.

Kantoortel: 011 849 2054 | Tel: 084 339 1136 | E-pos: inabolt@gkbenoni.co.za

Predikante: Braam Krüger 082 459 5636 braam@gkbenoni.co.za | Rynhardt Pretorius 074 944 7769 rynhardt@gkbenoni.co.za

Seëngroete

GK Benoni